

28 Desember

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:1-5**

**Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:1**

### **Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is 'n kind van God**

Hierdie vyf verse word deur geloof omraam! In vers 1: Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, en in vers 5: wie glo dat Jesus die Seun van God is. Wie glo dat Jesus die Christus, die Seun van God is, kry van God wonderlike vaste uitsprake.

Geloof is altyd, maar veral in hierdie verse, geweldig belangrik. Ons moet besef dat ons nie geloof kan "maak" nie. Geloof kom deur die werk van die Heilige Gees in ons diepste wese. Die Heilige Gees werk die geloof deurdat dié wat Jesus gehoor, sy werke en optrede gesien en selfs aan Hom geraak het (1 Joh. 1:1-3), dit getuig en die Gees ons oorreed om dit te glo. Geloof is die kanaal waardeur die verdienste van Jesus na ons kom.

Wie glo dat Jesus die Christus is, die beloofde Messias, die Koning, Profeet en Priester wat Homself as offer in ons plek gegee het, word nogeens deur God verseker: Jy is my kind. As deel van die huisgesin van God ontvang ons ook deur die kanaal van geloof liefde. God is liefde en sy kinders het ook liefde.

Is jy ook opgewonde daaroor dat jy kind van God is? Ons Vader beskerm ons, dra ons, gee ons sekuriteit deurdat Hy ons in liefde met tug op die regte pad hou en vertroetel ons, soos 'n pa wat sy kindjie op sy skoot vashou. As God se kinders kan ons uit liefde gehoorsaam wees en die slegte versoekings oorwin. Omdat Jesus die Seun van God is, vloeï kindskap van God na ons en vloeï sy oorwinning ook na ons deur die geloofskanaal.

Daarmee is jy getroos en aangemoedig om uit te sien na die dag van oorwinning wanneer almal sal erken jy is 'n kind van God.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3*

*Prof. BJ de Klerk (Emeritus)*